

Asemrowend

Oorspronklike titel: Adembenemend

Teks en musiek: Marcel Zimmer

Afrikaanse vertaling: Faani Engelbrecht

© 2007 Celmar Music

U majesteit is onaantastbaar, wie kan met U vergelyk.
Onverstaanbaar, sonder weerga, Koning van die hemelryk.
Oorverdowend soos die donder, helder soos 'n weerligstraal.
Oëverblindend is die luister van die prag wat uit U straal.

Tog is U nie onbereikbaar:
deur U Gees woon U in my.
Oral en altyd aanwesig,
dag en nag is U naby.

*U is asemrowend, eindeloos mooi,
so veel meer as wat 'n mens
ooit kan bedink, of ooit verstaan.
U is meer as besonders, buitengewoon.
Niks is vergelykbaar met U majesteit en Naam.*

U werke is verbasingwekkend, skoonheid wat die skepping vul,
onuitspreeklik is die grootsheid waarmee U Uself omhul.
Ondeurgrondelik is U weë, onvoorstelbaar is U mag,
U gedagtes onbegrypbaar, ontsagwekkend is U krag.

Tog is U nie onbereikbaar:
deur U Gees woon U in my.
Oral en altyd aanwesig,
dag en nag is U naby.

U is asemrowend, eindeloos mooi ...

Onoortreflik is U wysheid en U woord sal nooit vergaan,
U regverdigheid onwrikbaar, ewig bly U trou bestaan.
Onweerstaanbaar is U liefde, U genade is gewis.
Here U is onbeskryflik want U is wie U is.

U is asemrowend, eindeloos mooi ... (2x)